17 April 2016

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

LITURGIESE RIGLYNE

OGGENDDIENS 09:00

***TEKSVERS**: Lukas 22: 31-32*

***TEMA:** God se kinders val maar hulle verval nie.*

LOF- & AANBIDDING 18:30

***TEKSVERS:** Psalm 34:18*

***TEMA:** Hoe kom ek uit moedeloosheid uit?*

AANDDIENS 18:30

***TEKSVERS:** Matt 3:16*

H/K Sondag 12

***TEMA:** Gesalfde(s)*

♡ ♡ ♡ ♡ KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar ♡ ♡ ♡ ♡

DANKBAARHEID:

† Tannie Ann Botes is ontslaan uit die hospitaal, en is terug by Rynpark 1

† Valda Gouws toon goeie herstel na haar nekoperasie, asook haar ma wat geskiet was tydens 'n plaasaanval. Sy sterk tuis aan by Valda-hulle aan huis.

† Marikus Eloff toon wonderbaarlike genesing na die ernstige toestand waarin hy verkeer het.

ONS DOEN VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE :

† Die volgende lidmate is steeds onder kankerbehandeling: Hanlie Buys, Lottie Bakker & Manie v Niekerk

† Ria Nel se skoonseun is in die intensiewe sorgeenheid na 'n beroerte.

† Jan & Arina Lubbe se dogter Anna is ernstig siek met Lupus

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra.

BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE:

✾ Chrismari Kleynhans het die afgelope week 'n Honeurs graad in Musiekkommunikasie ontvang.

✾ Odette Emmerson het die afgelope week 'n BSc –graad in Mediese wetenskappe ontvang.

VETREK MET ATTESTAAT.

Uysie Kirsten en 2 dooplidmate Cobus en Eldien Kirsten Terug na GK Oranjerivier (Orania)

Herman & Elmien Coetzee en 3 dooplidmate Anneke, Liané en Martin Coetzee na die GK Paarl

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG	AKTIWITEIT		LOKAAL	TYD
So. 17/04	Gebedskamer	Donsie Krüger	Ou Moederskamer	08h00 - 09h00
	Peutersorg (2-4jaar)	Anneke Salomons	Kerkhuis	09h00
	Kleutersorg (4-6 jaar)	Betsie Coetzee	Konsistorie	Tydens oggenddiens
	Katkisasie (Gr 1-7)	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na oggenddiens
	Katkisasie (Gr 8-11)	Adri van Tonder	Onderskeie lokale	Na 5uur diens
	Songs of Praise " Feel The Spirit"		Kerkgebou	15h00
Ma. 18/04	Bybelstudie	Adri Goede	Rynpark 5	09h30
	Volwasse Kategese	Louis Buys	Kerkhuis sitkamer	19h00
Di. 19/04	Koördineringsvergadering		Kerkkantoor	09h00 –12h00
Do. 21/04	Dust Bybelstudie	Waldo Niemandt	Kerkhuis sitkamer	19h00 –20h00
Vry. 22/04	Gebedsgroep	Donsie Krüger	Konsistorie	05h30 - 06h30
	Manne byeenkoms	Schalk van Eeden	Kerksaal	05h00 - 06h30
	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie	08h30
	Talentaand	Ina Bolt	Kerk	19h00

KOMENDE BYEENKOMSTE

- 27 April 10:00 Palmsbyeenkoms "Land van eenoor" - Una Steyn 083 309 4017
- 5 Mei 18:30 Hemelvaartdiens - Ina Bolt
- 8 Mei 17:00 Massa Lof– en Aanbiddingsdiens - Ina Bolt
- 12 Mei 18:00 Nuwe lidmaat funksie by die kerk - Ina Bolt 084 339 1136/ 011 849 2054
- 13 Mei Jeugaksie - Adri van Tonder / Otto Coetzer
- 20 Mei 19:00 Klaagliedere van ds. Tienie Benade - Derik van Niekerk

SONGS OF PRAISE 2016 - 25 JAAR
VANDAG 15:00

Ons het die voorreg om "Songs of Praise *Feel the Spirit*" se 25ste verjaarsdagviering saam met Cantare Jubiloso Koor aan te bied.

Kaartjies: R150 vir volwassenes en R80 vir pensionarisse en kinders

Kaartjies by die deure beskikbaar

NEEM ASB KENNIS: Aangesien daar 'n jeugdiens om 5 uur plaasvind, en die verkeer in en uit die kerkterrein baie besig gaan wees na die vertoning, sal die hoofhek slegs vir inkomende verkeer gebruik word, en die hek naaste aan die veld vir uitgaande verkeer om die vloei van verkeer te verseker.

TEESKINKBEURTE

Regmaak van saal voor erediens, uitpak van tee & koffie en opruim & opwas na erediens.

24 Apr: Wyk D19 Zanta du Plessis
1 Mei: Wyk E26A Lenie Venter
10 Mei: Wyk A6 Walda Gouws

KLANK EN PROJEKTOR:

Almal wat behulpsaam is met die klank en projektor kom asb. net na die oggenddiens by die klank-stasie byeen vir 'n kort vergadering. Enige ander gemeentelede wat belangstel en bereid is om te help, is ook welkom.

Navrae : Tarina van der Merwe 083 785 5345 of tarina@gkbenoni.co.za

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

DAG	NAAM	KONTAK NR.
BELYDENDE LIDMATE		
17/04	Ben Steyn	082 821 0147
18/04	Adriaan Damons Tina Koen	074 583 1276 071 499 6305
19/04	Danie Barnardo	072 658 0665
20/04	Stephni Gouws	072 798 8783
21/04	Doreen Brummelkamp Grundy Venter	 073 147 1590
22/04	Petrus Roets	083 378 5222
23/04	Andre Krüger	082 457 9746
DOOPLIDMATE		
17/04	Arno Coetzee	
19/04	Zoë van Kaam	
21/04	Annené van Zyl	

BYBELVASVRA.

Verlede week 10 April se antwoord: Lukas 10 :34 " Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met OLIE EN WYN behandel en hulle verbind.Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg."

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; Judy Greyling; Jan Lubbe; Una Steyn; Martie Gibson; Jan Bakker ; Klein de Kock ; Dorothy Kruger; Gerda de Jager – plus ook vorige keer

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ? ??? ???? ?? ???????, ???????. "

Vraag: Wat was die gebed van die tollenaar wat Jesus in 'n gelykenis vertel het?

Lees gerus Lukas en noem die gebed van die tollenaar en noem die vers waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

!!LET ASB OP DATUM VERSKUIWING!!

PALMS—SENIOR LIDMATE

WOENSDAG, 27 APRIL

10H00 - KERKSAAL

Kom kuier saam in die "Land van eenoor".

* Hoe beleef dowe– en doofstom mense die wêreld van die horendes?
* Kan jy gesels en hoor as die vertrek donker is?
* Hoe reageer troeteldiere?

Kom hoor nog interessante staaltjies eerstehands van 'n person wat doof is.

Alle belangstellendes is baie welkom!

Vir meer besonderhede kontak :

Una Steyn 083 309 4017

TALENTAAND 22 APRIL

Kom spog of ontdek jou talent! Alle dansers, sangers, kustenaars,musikante, komediante, akteurs en enige ander talente wat jy met ons op hierdie pretaand wil kom deel is welkom. Begin solank jou/ julle item oefen. Items kan as wyk, groep katkisasieklas of individueel aangebied word. Dié wat die vorige talentaand bygewoon het, of deelgeneem het, sal jou vertel hoeveel pret die aand was. Geen item te klein of te groot nie.

Bespreek solank jou tydgleuf by Ina Bolt (084 339 1136)

NUWE LIDMAAT FUNKSIE

12 MEI 18H00 BY DIE KERK

Alle nuwe lidmate, en die wat nog nie die funksie bygewoon het nie word hartlik uitgenooi na 'n heerlike kuier en kennismakingsfunksie.

Kontak Ina Bolt by die kantoor om te laat weet of jy kom of nog enige vrae.

A5 ADVERTENSIEBLAD

Hier is 'n wonderlike geleentheid vir ons lidmate wat hul eie onderneming bedryf. Stuur asb vir my besigheidsbesonderhede sodat dit geplaas kan word in ons heel eerste blad.
Ek sien uit om van ons sakemanne en sakevroue te hoor.
Geen besigheid te klein of te groot om hierin te adverteer nie. Kom ons ondersteun mekaar deur meer omtrent mekaar se werksaamhede te wete te raak. Geen onkostes aan verbonde nie.
Eerste uitgawe sal 15 Mei verskyn.
Afsnydatum: 10 Mei 2016
Baie dankie!
Rene Paulsen
limelight.24@gmail.com / 082 770 1022

KLAAGLIEDERE VAN DS. TIENIE BENADE

EENMANVERTONING DEUR 4

FRANK OPPERMAN

VRYDAG 20 MEI 19H00

Ds. Tienie Benade is `n middeljarige predikant van `n sukkelende Afrikaanse gemeente. Die gemeente se lot is dieselfde as die van baie ander gemeentes: die lidmaatgetalle kwyn, die gemeente se skuldlas groei en die gemeentelede wat steeds tot die kerk behoort, is onseker hoe om sinvol in `n moderne wereld te bly glo aan God. Dis `n storie van verdriet, maar ook `n storie van die hoop wat nie beskaam nie. Met Frank Opperman. Teks: Dana Snyman. Regie: Gerrit Schoonhoven.

Hou solank die datum oop!
Besonderhede sal volg….

ADVERTENSIES: Ken jy iemand, of is jy self op soek na blyplek?

KOTHUIS met 2 slaap- , 2 ½bad-, sit/eetkamer en kombuis te huur in Cloverdene (Benoni- kleinhoewe.) Okkupasie Mei 2016. Kontak asb. 083 230 0905 dringend as jy belangstel.

2 EENHEDE in GK Centurion aftree-oord beskikbaar. 1 Slaap-, 1 bad, sit/eetkamer, kombuis en motorhuis. Meer besonderhede op die kennisgewingsbord. Aansoeke sluit 25 April 2016

KONTAK ONS
FISIESE ADRES
24B Miles Sharp Str
Rynfield, Benoni
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
hartklop@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/
PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
082 459 5636
Ds Louis Buys
082 927 2034
KERKKANTOOR:
Ure: Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
ina@gkbenoni.co.za
KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

KERKKANTOOR

Kontak asb. Ina Bolt by die kerkkantoor op 011 849 2054 of 084 339 1136 vir enige navrae , attestate of lief-en-leed aanmelding vir koördinering.
Kerkkantoorure is **Maandag tot Vrydag 9:00 tot 14h00** & Sondae vir 'n half-uur na die oggenddiens.

KOLLEKTES:
Kollektes 3 April 2016:
Barmhartigheid :R 5162
Bybelgenootskap SA :R 2199
Jeugfonds :R 122
Vandag:
Onder die diens: Barmhartigheid
Buite deure : Sustentasiefonds
Volgende week: Kerklike tydskrifte

Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op Vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

BANKBESONDERHEDE:
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Barmhartigheid

Deur kollekte